# 7 Mei 2024 - Lesing 6 - Die Groot Johannes Evangelie - Boek 1 (Jakob Lorber)

Naby Betábara

***Johannes die doper se getuienis van homself en van die Meester [Johannes 1: 19-30] .***

*19 En dit is die getuienis van Johannes, toe die Judeërs uit Jerusalem priesters en Leviete gestuur het om hom te vra: Wie is u?*

**Hoofstuk 5** [1] Hierdie vers handel oor `n eksterne feit en daarvoor het dit geen dieper betekenis nie. Uit hierdie sending kan slegs een ding duidelik verstaan word dat die gevoel van verhewendheid van die Judeërs teen hierdie tyd alreeds die oorspronklike Lig begin voel of waargeneem het en wel dat die oorspronklike Lig van Elohim besig was om nader te kom na die mens op aarde en moes alreeds op aarde wees, en het aangeneem dat hierdie oorspronklike lewe van alle lewe binne-in Johannes inwoon en hy die beloofde Messias is.

[2] Dit is waarom, na aanleiding van die genoemde veronderstelling eerder as Johannes se reputasie as prediker, dat hulle afgevaardigdes gestuur het om hom te vra wie hy was, die Messias of EliJaH of `n ander profeet.

*20 En hy het erken en nie ontken nie, maar het erken: Ek is nie die Messias nie.*

*21 Toe vra hulle hom: Wat dan? Is u EliJaH? En hy sê: Ek is nie. Is u die Profeet? En hy antwoord: Nee.*

[3] Die rede waarom hulle vir Johannes gevra het of hy EliJaH of `n ander profeet was, was die feit dat hulle profetiese Skrif verklaar het dat EliJaH die voorloper van die beloofde Messias sou wees en sou die hele Israel voorberei vir die groot gebeurtenis van die Messias! - Buitendien, teen daardie tyd sou ook ander profete verskyn wat ook die Messias sou voorafgaan as boodskappers. Dit was bekend aan die gesante van Jerusalem wat deeglik onderrig was in die Skrif en daarom het hulle vir Johannes al hierdie vrae gevra, maar hy het bely dat hy nie een van hulle was nie.

*22 Toe sê hulle vir hom: Wie is u? - dat ons antwoord kan gee aan die wat ons gestuur het. Wat sê u van uself?*

[4] Daarom moes hulle voortgaan om hom te vra wie hy eintlik was.

*23 Hy antwoord: Ek is die stem van een wat roep in die wildernis: Berei die Weg van JaHWeH, maak gelyk [in die woestyn `n grootpad vir onse Elohey] soos JeshaJaH, die Profeet, gesê het.*

[5] Waarop Johannes bely dat hy die roeper in die wildernis is wat die weg voorberei vir JaHWeH, soos voorspel deur JeshaJaH.

[6] Hier sou die vraag geregverdig wees waarom Johannes die wildernis gekies het vir sy werk waar, so neem mens aan, nie baie mense was nie dat dit meer raadsaam sou wees om `n voorloper te plaas in meer dig bevolkte gebiede. Watter nut kan die mees kragtige roep wees in die dooie wildernis waar die klank van die roep homself verloor voordat dit enige oor bereik? Selfs as dit `n menslike oor bereik het, sou dit heeltemal onvoldoende wees in `n saak wat so essensieel belangrik was vir alle mense.

[7] Om hierdie vraag te beantwoord moet daarop gewys word dat die term “wildernis” nie so seer verwys na die klein woestyn te Betábara oorkant die Jordaan nie, **maar eerder na die geestelike woestyn in die menslike harte**. Die woestyn van Betábara, waar Johannes eintlik gewoon het, gepreek het en gedoop het, is slegs gekies om aan die mens simbolies te toon hoe dit in sy hart gelyk het, naamlik, **net so onvrugbaar, leeg en gestroop van edele vrugte, maar vol dorings en distels, allerhande soorte onkruid, adders en ander ongediertes.** En in so `n menslike woestyn verskyn Johannes soos `n ontwaakte gewete, wat hy geestelik ook verteenwoordig, **en predik berou vir die vergifnis van oortredinge**, waardeur hy die weg vir JaHWeH voorberei na die harte van die mense wat so onvrugbaar soos `n woestyn geword het.

[8] Nou bly slegs die vraag oor waarom Johannes ontken het dat hy EliJaH of `n profeet is, aangesien, volgens My eie getuienis, hy wel die een was sowel as die ander, want Ek Myself het My apostels sowel as die ander luisteraars van My onderrig en baie **duidelik gesê dat Johannes wel EliJaH was wat voor My moes kom, as julle dit wil aanneem**.

[9] Die rede vir hierdie ontkenning was omdat Johannes homself slegs beskryf volgens sy aktiewe nuwe roeping en nie volgens die vorige een wat aan sy gees gegee is binne EliJaH toe hy op aarde geleef het nie. **EliJaH moes Molog straf en vernietig**, waar **Johannes mense moes oproep tot berou, die vergifnis van oortreding deur doop verleen en die weg vir My berei**. En in ooreenstemming met hierdie aktiwiteit het hy homself aangebied slegs as dit wat hy nou in der waarheid was.

*24 En die wat gestuur was, was uit die fariseërs.*

*25 En hulle vra hom en sê vir hom: Waarom doop u dan as u nie die Messias of EliJaH of die Profeet is nie?*

[10] Aangesien hy gewas het, wat slegs toegelaat was deur die priesters en die profete wat bewys kon lewer dat hulle hiervoor geroep is, naamlik die priesters en Leviete, wie na hom gestuur is deur die jaloerse fariseërs, en gevra het waarom hy mense doop/was as hy nie een of die ander was nie.

*26 Johannes antwoord hulle en sê: Ek doop in water, maar onder julle staan Hy vir wie julle nie ken nie -*

[11] Maar Johannes sê, ek doop slegs met water, wat beteken, ek was harte wat besoedel geword het vir die waardige ontvangs van die Een Wie, soos dit is, in julle midde was vir `n geruime tyd, maar Wie julle nie herken het nie weens julle blindheid!

[12] Hier word ook almal **wat My, JaHWeH daarbuite soek, verteenwoordig deur die gesante** wat oor land en see reis en die wysgere vra, "*Waar is die Messias, wanneer en waar sal Hy kom?*" - die ware Een Wie `n woonplek vir Homself in hulle harte gebou het, **en Wie slegs daar gevind kan word**, (O, daardie misleide soekers) vir Hom soek hulle nie, ten minste nie in die enigste plek waar Hy gesoek moet word en gevind sal word nie

*27 dit is Hy wat ná my kom, wat voor my geword het, Wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie.*

*28 Dit het gebeur in Betábara, oorkant die Jordaan, waar Johannes besig was om te doop.*

[13] Wat `n nederige getuienis lewer Johannes voor die priesters en die Leviete, aangesien hy volkome bewus was Wie aarde toe gekom het as die Messias. Maar wat is dit nou vir so `n wêreldse wyse priesterdom! Hulle het Johannes se ware getuienis geïgnoreer **want hulle het nie erg gehad aan `n nederige, arme en beskeie Messias nie**, maar wou een gehad het waarvoor elkeen moes beswyk van vrees en angs.